**Staande ovasie.**

Herschelle Benjamin, Igna Botha, Veronique Jephtas en Marcel Spaumer.
Pretoria: Protea, 2020. 128 pp.
ISBN 9781485309321.

*Staande Ovasie*, uitgegee deur Protea Boekhuis, bevat vier eenbedrywe vir tienertoneel geskryf deur Herschelle Benjamin, Igna Botha, Veronique Jephtas en Marcel Spaumer.

Benjamin se stuk, "Ek is nie meer 'n kind nie, Ma", handel oor die 18-jarige Adrian wat vir die naweek huis toe kom om met sy ouers oor hul egskeiding te gesels. Hy deel ook met hulle dat hy gay is. By die huis hoor Adrian dinge oor sy ouers wat daartoe lei dat hy die moed vind om oop te maak oor hoe sy huislike omstandighede hom geaffekteer het.

Wat uitstaan in hierdie teks is die natuurlike dialoog en hoe onpretensieus dit is. Benjamin weet hoe om tot die punt te kom en skroom nie weg van swaar tematiek nie. 'n Moeilike gesprek oor huwelike en hoe die ouers in hierdie geval gekies het om hul seun te beskerm, vind plaas tussen ma en seun en dit is verfrissend om te lees. Adrian praat reguit met sy ma oor hoe hulle besluite hom laat voel en hom seermaak. Terselfdertyd laat die teks 'n mens nadink oor manlikheid. Die ma, Brennette, maak verskoning vir haar man se slegte gedrag deur te sê: "maar hy is 'n man. Net 'n man". Dit herinner my aan hoe daar in die samelewing dikwels dubbele standaarde vir mans en vroue is. Ons hoor gereeld "boys will be boys", terwyl meisies geleer word hoe om hulle soos dames te gedra. Benjamin daag manlikheid uit en deur die mond van Adrian kry hy dit reg om 'n broodnodige gesprek aan die gang te sit. Dit is 'n sterk teks—al waaroor ek wonder is of die pa-karakter regtig nodig is. Die pa kom teen die einde van die stuk in en teen daardie tyd weet ons alreeds alles van hom. Sy teenwoordigheid dryf nie die storie vorentoe nie, hy is 'n karakter wat geen ontwikkeling toon nie. Of dalk was dit juis nodig dat die pa daar is sodat ons kan sien hoe Adrian teen sy pa opstaan? Hoe dit ook al sy, jong spelers sal uitgedaag word deur die stuk en dit is nodig om gesprekke aan die gang te sit.

Greta Thunberg praat Afrikaans in Igna Botha se teks, "Sing oor my, ek gaan dood van die dors". In hierdie geval is Greta 'n Sweedse uitruilstudent wat standpunt inneem teen 'n ryk familie, die Steenhoffs, nadat sy die seun Elan Steenhoff bevriend. Elan se pa, Jeroen Steenhoff, word daarvan beskuldig dat hy 'n oliepyplyn langs die Vaalrivier wil laat afloop. Die gevare van "fracking", die verwoesting van natuurlike habitat en die misbruik van mag is van die temas wat hier aan bod kom.

Botha se teks voel gereed vir die verhoog. Ek wil my verstout deur te sê dat dit vir my as regisseur 'n plesier sal wees om die regie van die stuk te behartig. Dis buite die boks. Dis vars. Dis jong mense wat oor die omgewing praat, sonder om te preek. Dit wys die verwoestende invloed van 'n ryk man se aksies op die natuur. Dit is min dat ek omgewingsdramas lees of sien. Dis relevant. Dis edgy. Die ensemble voel te groot, maar 'n regisseur sal maklik daaraan kan sny. Die einde is treffend met 'n hoofletter T. Aan die einde is die karakters by die viering van die opening van die Steenhoffs se gholfbaan. Greta, Elan en Bano (Elan se vriend) beplan 'n tipe optog wat gaan maak dat die publiek sowel as Jeroen Steenhoff se deftige kuiergaste (onder andere Meneer Magashule en Mevrou Mkwebane [slim speling op sekretarisgeneraal van die ANC, Ace Magashule en die openbare beskermer, Busisiwe Mkhwebane]) hom gaan sien vir wie hy werklik is—iemand wat 'n veer voel vir die omgewing. Aan die einde gaan die ligte in die ouditorium aan en skyn dit op die gehoor. Dit is 'n slim tegniek wat daarop dui dat die gehoor aanspreeklik gehou gaan word vir dit wat hulle sopas op die verhoog gehoor en gesien het, sowel as vir hul eie koolstofvoetspoor.

Ek is bevoorreg dat ek "Hoe change hulle" deur Veronique Jephtas op die planke kon sien tydens die Toyota U. S. Woordfees in 2020. In die stuk is die 18-jarige Sheldon (of Shelly) in die tronk vir statutêre verkragting. Hy was in 'n verhouding met die min-

derjarige Hailey totdat haar pa die twee van hulle saam betrap het en vir Shelly aangekla het van verkragting. Sheldon praat oor die bruin gemeenskap, die regering en hoe kinders uitdraai wanneer hulle sonder 'n pa grootword.

"Hoe change hulle"? Op dié vraag hoop Jephtas dat jong kinders in die toekoms sal antwoord: "for the better". Die teks is uitdagend. As leser en kyker is ek nie heeltemal seker hoe ek oor Sheldon moet voel nie. Dit voel plek-plek asof ek hom moet jammer kry, want sy lewe was moeilik, maar is Sheldon 'n betroubare verteller? Ek weet nie, maar dit maak die teks interessant. Dit smokkel met jou eie morele waardes en stel jou as waarnemer op die proef om te sien waarvoor jy Sheldon kan vergewe en waarvoor nie. Deurgaans maak die skrywer gebruik van poësie wat Sheldon in die tronk skryf. Die treffendste gedig is op bladsye 86–7 waar Sheldon skryf oor hoe hy en sy vriende "jol" toe is en een van hulle, Sietie, almal altyd verniet kon inkry. Op pad "jol" toe word die vriende aangeval en Sietie sterf.

Jephtas kry dit met hierdie gedig reg om 'n hartverskeurende storie tong-in-die-kies te vertel. Teen die einde van die stuk, veral op bladsy 91, voel dit asof die gedigte te lukraak geplaas is en as gevolg daarvan die storielyn steur in plaas van ondersteun. Sheldon eindig die stuk met 'n gedig. Ek sou verkies om direk uit sy mond uit te hoor aan die einde, want met die gedig voel dit asof hy agter sy skryfwerk skuil. Die struktuur van hierdie teks is wankelrig. Nogtans is ek dankbaar dat die teks bestaan, omdat dit leersaam is.

Marcel Spaumer se "Blaai om" is 'n identiteitsdrama waarin die hoofkarakter tydskrifte en dit wat sy in die media sien, opvreet en in die proses haarself verloor. Liggaamlike kwessies, mooiheid en maerheid en die nadelige invloed van kitsdiëte, selfhelp en mooimaak-tips is hier teenwoordig.

Ek sien my hoërskool-self in "Blaai om". Vatbaar vir invloed. Meisie wat nie geweet het sy moes al op 17 haar beenhare skeer nie. Iemand wat raad in tydskrifte gaan soek. Iemand wat bekommerd is oor die sosiale orde by die skool. Myns insiens sal die tema van die invloed van die media altyd relevant bly. En net omdat Spaumer vroulike karakters geskep het, beteken dit nie dat dit slegs op vroue van toepassing is nie. Nadat ek die teks vir die eerste keer gelees het, moes ek eers 'n bietjie stilstaan om te dink. Die teks is dig en ryk aan beelde. Dit vra jou volle aandag. Dit is duidelik dat Spaumer tyd met sy tekste spandeer. Alles voel in plek en asof dit doelbewus daar geplaas is. Spaumer verstaan mense en hy verstaan menslike verhoudings. Spaumer verstaan teater en hoe om woorde te gebruik. Al wat steurend is, as ek nou moet nitpick, is dat die ensemble nogal groot is (dit bestaan uit sewe meisies wat nie name het nie—hulle is net Meisie 1, Meisie 2, ensovoorts). Dit pla wanneer jy lees, maar op die verhoog sal dit nie 'n probleem wees nie.

Ek hoop dat Protea Boekhuis nog sulke eenbedrywe sal publiseer. Hierdie vier skrywers wys dat daar geen tekort aan talent is nie.

**Mercy Kannemeyer**
**jjmercyk@gmail.com**
**Stellenbosch Universiteit**
**Stellenbosch, Suid-Afrika**
ORCID: https://orcid.org/0000-0003-4159-264X

DOI: https://doi.org/10.17159/tl.v58i2.11552